



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NATIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2012

**RELIGIESTUDIES V2
MEMORANDUM**

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 8 bladsye.

VRAAG 1 LU1.4**1.1 1.1.1 Inter-godsdienstige dialoog**

- Inter-religieuse dialoog begin wanneer mense ontmoet en begin om met mekaar te kommunikeer.
- Dit is nie beperk tot mense van verskillende godsdienste nie.
- In dialoog praat mense van verskillende gelowe met mekaar oor ware lewensituasies.
- Wanneer mense van verskillende gelowe met mekaar in 'n dialoog gaan word verhoudinge tot stand gebring.
- Hulle begin om hul gemeenskaplike menslikheid te deel.
- Dialoog is baie belangrik in situasies van godsdienstigeverskeidenheid.
- Hoe meer mense van verskillende gelowe in kontak is, hoe meer begin hulle om met mekaar te praat.

(10)

1.1.2 Dialoog van die lewe

- Dit is die mees algemene vorm van dialoog.
- Dit verwys na die verhoudinge wat mense van verskillende gelowe in verskillende plekke ontwikkel.
- Voorbeelde is wanneer mense mekaar se verjaarsdae vier, mekaar se troues bywoon en by mekaar kuier gedurende tye van swaarkry.
- Hierdie gebeure stel hulle in staat om op die waardes van hul verskillende voordele en tradisies in hul gemeenskaplike menslikheid te deel.
- In Suid-Afrika stel lede van die Joodse organisasie, B'nai B'rith, hulself vrywillig beskikbaar vir basiese dienste op Kersdag.
- Dit stel gewone verpleeg personeel in staat om tyd met hul families te bestee.

(10)

1.1.3 Dialoog van aksie

- In die dialoog van aksie is die dialoog afhanklik van wedersydse begrip en vertroue.
- Dit kom na vore wanneer mense van verskillende gelowe in vertroue groei en leer om mekaar te vertrou.
- 'n Belangrike element van hierdie dialoog is die toegewydheid om alle vorme van menslike ongeregtigheid te weerstaan, om alle versperrings van ras, seks en klas te breek, en om onregverdige sosiale strukture uit te daag.
- Daar is baie voorbeelde van dialoog in aksie.
- Daar is inter-geloofs hospiese wat mense ongeag hul godsdienstige affiliasies aanvaar.
- Mense reik gewoonlik oor godsdienstige grense uit om diegene in nood te help.
- Daar is baie voorbeelde in Suid-Afrika waar mense van verskillende gelowe saamwerk om diegene wie met HIV en Vigs lewe te versorg.

(10)

1.2 Christelike siening met betrekking tot godsdienstige pluralisme

- Positiewe aanvaarding van baie verskillende godsdienste.
- Godsdienstige tradisies aanvaar nie geredelik ander godsdienste nie.
- Christelike geloof aanvaar nie geredelik godsdienstige pluralisme nie.
- Dit was omdat die meeste Christene vir Christus as die enigste ware God sien.
- Moderne teoloë bevraagteken die eksklusiewe posisie, bv. Kant en Schleiermacher.
- Hulle het Relevantisme gepionier – daar is geen uiteindelijke waarheid nie.
- In opposisie daarmee was daar 'n teorie deur Ernst Troeltsch wat geleer het dat daar nimmereindigende veranderinge en ontwikkeling in godsdiens plaasvind.
- Karl Barth maak aanspraak dat die genade van God eksklusief deur Jesus Christus gekom het.
- Onlangse ontwikkelinge verwerp relativisme en aanvaar meer inklusiewe benaderings.
- God is in die middel van godsdienste.

(20)
[50]

VRAAG 2 LU2.2

2.1 Funksjonalistiese siening

- Daar is baie funksjonalistiese teorieë.
- Funksjonaliste sien elemente van gemeenskap, insluitende godsdienste, as sisteme wat uit dele gemaak is en gemaklik verloop.
- Elemente is nie net verwant aan mekaar nie maar werk ook gemaklik saam.
- Funksjonalistiese-teorie is ontleen van biologie.
- Dit gaan oor balans, vrede en harmonie.
- Godsdiens word gesien as 'n sisteem wat gemaklik werk.
- Indien die balans versteur word, neem die sisteem die nodige stappe om dit te herstel.
- Enige deel wat tot die balans bydra word funksioneel genoem.
- Enige deel wat die balans versteur word wanfunksioneel genoem.
- Godsdiens word beskou as deel van die groter sisteem van die gemeenskap as 'n geheel.
- Godsdiens, politiek en ekonomie is voorbeelde van 'organe' van 'n groot sosiale liggaam.
- Die funksie van godsdiens is dat dit gemaklik in die groter liggaam inpas sodat daar balans in die gemeenskap is.
- Volgens die funksjonalistiese siening, indien een sisteem verander moet al die ander subsysteme verander.
- Dit verklaar dat daar twee aspekte van menslike lewe is, naamlik 'n geestelike wêreld en 'n materiële wêreld.
- Godsdiens skep en onderhou sosiale solidariteit- Emile Durkheim (1858-1917).
- Hy sien godsdiens as 'n sement van gemeenskap en dit bring sosiale balans.
- Deur die respek van die gode aan te moedig, moedig godsdiens

inderdaad respek vir die gemeenskap aan.

- Hans Mol is ook 'n kampioen van die funksionalistiese-teorie.
- Hy noem godsdiens die 'sakralisasie van identiteit'.
- Vir hom bestaan godsdiens net vir die behoud van identiteit.
- Godsdiens kan etniese, nasionaal kulturele en ander soorte identiteite dien.

(30)

2.2 Kritiek tot die funksionalistiese siening

- Funksionalisme, soos die meeste sieninge, het sy beperkinge.
- Die funksionalistiese siening vestig ons aandag op die feit dat godsdiens nie in isolasie van ander aspekte van lewe en gemeenskap bestaan nie.
- Dit oorbeklemtoon die positiewe rol van godsdiens.
- Dit kan geargumenteer word dat godsdiens nie ondergeskik aan ander aspekte van die lewe is nie maar dit het ook 'n outonomie van onafhanklikheid.
- By tye is daar konflik tussen godsdiens en ander subsisteme van gemeenskap.
- Tensy godsdiens gereken word dat dit outonome bestaan het, sal die resultaat heel waarskynlik 'n siniese siening van godsdiens as eenvoudig sosiaal bruikbaar of funksioneel het.
- Dit reflekteer nie akkuraat hoe mense hul verskillende gelowe in hul godsdienste ervaar nie.
- Mense in verskillende godsdienste ervaar gewoonlik nie hul godsdiens om ander belange te dien nie maar as 'n doelwit opsigself.
- Die kritici beskou funksionalisme as idealisties.
- Die beeld van menslike lewe as 'n gemaklike werkende sisteem van subsisteme is ver van realiteit.

(20)

[50]

VRAAG 33.1 Rituele gedurende die geboorte van kinders**AFRIKA-TRADISIONELE GODSDIENS**

- Afrika-godsdien het naam gee en geboorte rituele.
- Wanneer die baba volgens ATG gebore word is almal verheug.
- Die baba word in die familie verwelkom.
- Die baba word 'n naam gegee.
- Die ritueel word met 'n bok uitgevoer en selfs 'n skaap kan, afhange van die familie, geslag word.
- Afrika-bier word gebrou.
- Die baba word ook deur die heengegane voorvaders verwelkom.
[Enige aanvaarbare en relevante feite sal gekrediteer word]

ISLAM

- Die Adhan is die eerste woord wat 'n Moslem-baba moet hoor.
- Die oproep tot gebed word na geboorte in die oor gefluister.
- Hulle skeer die hare van die baba op die sewende dag tydens 'n spesiale seremonie.
- Tradisioneel word die gewig van die baba in goud aan die armes gegee.

HINDOEÏSME

- Wanneer die kind in die Hindoe tradisie gebore word, word gebede gesing om die bose geeste weg te hou.
- Op die twaalfde dag is daar 'n naamgee-seremonie.
- Dit word deur ander seremonies gevolg wanneer die baba vir die eerste keer in die son gebring word.
- Vir die eerste keer eet die baba vaste kos.

(20)

3.2 **Bespreek waarom Suid-Afrika as 'n sekulêre staat gesien kan word.**

- Die woord 'sekulêr' kom van die Latynse woord 'saeculum' wat 'ouderdom' of 'Wêreld' beteken.
- 'n Sekulêre staat is nie vyandig teenoor godsdien nie.
- Dit is nie toegewyd tot enige godsdien, godsdienstige tradisie of godsdienstige oortuigings en praktyke nie.
- Die hoofdoel is die skeiding van staat en godsdien.
- In 'n land waar daar meer as een godsdienstige tradisie is moet die staat nie ten gunste van enige godsdienstige organisasie of gemeenskap identifiseer nie.
- Sy hoofdoel is om te sorg vir die welstand van al sy inwoners, ongeag tot watter kultuur of godsdien hulle behoort.
- Die regering het geen gesag om aan mense voor te skryf of te adviseer tot watter godsdien hulle moet behoort nie.
- Die regering moet verseker dat hulle die wette en reëls wat vir alle mense geld moet volg.
- Die regering moet verseker dat mense vryheid van godsdien geniet.
- En die vryheid het om hul godsdienstige oortuigings in die openbaar uit te druk.

- Geen regerings departement of agent mag teen 'n persoon op grond van hom/haar godsdienstige diskrimineer nie.
- Godsdien en politiek is nie apart nie.
- Individue en groepe mag aan politieke aksies deelneem.
- Hulle is vry om die regering te ondersteun of te kritiseer aangaande regeringsbeleide
- Politici en staatsamptenare het die reg om aan godsdienste van hul keuse te behoort.
- Solank hulle nie mense van hul eie godsdien in hul amptelike werk bevoordeel nie.

(20)

3.3 **Bespreek kortliks die Christelike simbole van die 'vis' en die 'kruis'.**

Die 'vis' simbool

- Die 'vis'-simbool was gebruik om Christene te identifiseer.
- Daar word geglo dat die 'vis' simbool van die Griekse woord 'ichthus' kom wat vis beteken.
- In Grieks is dit die woord wat jy kry wanneer jy die eerste letter van elke woord in die frase 'Jesus Christus, seun van God, verlosser'.
- Die simbool was gebruik as 'n geheime teken gedurende die jare van die vervolging van die Christene.
- 'n Persoon kon 'n krom lyn trek (en indien die persoon met wie hy was 'n oorvleueling byvoeg) sou hulle weet dat beide Christene is.

Die 'Kruis' simbool

- Rondom die derde eeu VC het die kruis die verkieslike simbool van die Christelike geloof geword.
- Daar word geglo dat dit die oorwinning van Christus oor die dood verteenwoordig.
- Dit herinner Christene dat, deur die dood en opstanding van Jesus Christus, verlossing vir almal wie waarlik in hom glo, moontlik gemaak is.
- In die Rooms Katolieke-tradisie het die kruis gewoonlik 'n verteenwoordiging van die liggaam van Christus op. Dit word die kruisbeeld genoem.
- In die Protestantse-tradisie is die meeste kruise leeg gelaat wat daarop dui dat die opstanding beklemtoon word.

(10)

[50]

VRAAG 44.1 Sieninge oor omgewing van enige twee godsdienste**DIE AFRIKA-TRADISIONELE GODSDIENS**

- Hulle het nie 'n verenigde beleid oor omgewing nie.
- Plante en diere is bronne vir medisyne wat soms deur tradisionele genesers en Sangomas gebruik word.
- Die diere speel ook 'n belangrike rol in die mites en rituele van ATG.
- ATG deel die mening dat die natuur heilig is.
- In die meeste Afrika-Tradisionele Godsdienste word grond as heilig beskou in besonder wanneer die voorvaders daar begrawe is.

DIE HINDOE GELOOF

- Die Hindoe geloof het altyd sterk bande met sy oorsprong behou.
- Hindoeïsme het as die godsdienste van 'n landbou gemeenskap begin.
- Dit ondersteun en respekteer die natuur as deel van 'n groot goddelike werklikheid.
- Sommige skole van die Hindoe geloof beskou hierdie wêreld as 'n goddelike illusie en een wat ernstig opgeneem moet word.
- Bome en riviere was grootliks gerespekteer in die Hindoe geloof.
- Beskerming was aan diere soos apies gegee.
- Hindoe tempels dui op die belangrikheid van die natuur.

[Enige relevante godsdienstige sieninge sal gekrediteer word] (20)

4.2 **Bespreek die siening van ENIGE DRIE godsdienste oor ontspanning, rus en vermaak.**

Vir die doel van hierdie memorandum sal daar slegs met Hindoeïsme, Christendom en Islam gedeel word.

JUDAÏSME

- In Judaïsme word die Sabbat as 'n rusdag beskou.
- Dit is 'n belangrike godsdienstige aktiwiteit.
- Dit begin op Vrydag met sonsondergang en duur tot Sondag met sonsondergang.
- Gedurende hierdie tyd word geen werk gedoen nie.
- Niemand word toegelaat om aan ontspanningsaktiwiteite wat met werk verband hou, deel te neem nie.

CHRISTENDOM

- Vir die meeste Christengroepe is die Sabbat 'n dag van rus.
- Dit duur vanaf Saterdag middernag tot Sondag middernag.
- Die Sewende dag Adventiste en 'Ibandla Lama Nazaretha' volg die ouer Joodse ideaal om die Sabbat op 'n Sondag te hou.
- In baie lande, insluitende Suid-Afrika, het die wet Sondag onderhouding afgedwing.
- Bioskope, teaters en kroë was nie toegelaat om Sondag oop te wees nie.
- Die wet was onlangs verslap om minder streng te wees.

ISLAM

- Islam verbied nie Moslems om op Vrydae nie te werk nie.
- Gelowiges moet een van hul vyf gebede in 'n moskee bid in plaas van dit alleen te doen.
- Baie Suid-Afrikaanse Moslems wy Vrydae toe aan godsdienstige sake.
- Daar is ook feeste dwarsdeur die jaar.
- Volgelinge van hierdie geloof het dieselfde hoeveelheid vrye dae as Jode en Christene.

(30)
[50]

TOTAAL: 150